Kandpakke
Beperkte aantal
Nos. 5½ en 6.
Die Eikestadwinkel
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH


# DIE Matie

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK. STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL III, No. 6. VRYDAG, 2 APRIL 1943. PRYS 1d.


VILJOEN
se fietswinkel sal u fiets [illegible] Bring dit net.
Parte is skaars maar ons doen nog ons bes.
ONTHOU in Pleinstraat
Net langs Suikerbossie.

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY.

# DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
## VYF-EN-TWINTIG JAAR
## 2 April 1918 — 2 April 1943

Die man wat die Viktoria-Kollege gestig het.



*Ds. J. H. Neethling.*

Maar wij, en velen met ons, weten beter. Wij weten, dat er geen beter grond is, geen beter water, geen reiner lucht, geen liefelijker hemel, geen schooner bloemen—geen plaats waar men gezonder en met Gods gunst stiller en veiliger wonen en studeeren kan, dan Stellenbosch.

*Ds. J. H. Neethling.*

### LANDSDIENSKAMP

In die Aprilvakansie word daar soos in die verlede 'n Landsdienskamp gehou. Die verdere besonderhede sal later beskikbaar gestel word.

### Die Uitbreiding van ons Universiteit

| | Professore. | Lektore. |
|---|---|---|
| 1918 | 22 | 20 |
| 1943 | 54 | 67 |

**Studente.**

| | |
|---|---|
| 1918 | 558 |
| 1943 | 2207 |

**Biblioteek.**

| | |
|---|---|
| 1918 | 20,000 dele. |
| 1943 | 83,000 dele. |

**Universiteitsgeboue.**

Chemie 1923.
Landbou 1925.
Annexe Biol. 1927.
Administrasie 1932.
Huishoudkunde 1933.
Biblioteek 1938.
Liggaamsopvoeding 1940.
Fisika 1941.
Vrugteondersoek 1942.

**Koshuise.**

Dagbreek 1921.
Monica 1926.
Huis-ten-Bosch 1937.
Huis-van-Niekerk 1938.
Huis-de-Villiers 1941.

Vandag is dit presies vyf-en-twintig jaar gelede dat die Universiteit van Stellenbosch tot stand gekom het. Hierdeur is 'n mylpaal bereik in die geskiedenis van die Afrikanervolk wat betref die hoër opleiding van sy Jeug. Dit is vir „Die Matie" 'n eer om hierdie uitgawe spesiaal te wy aan die herdenking van hulle wat die stigting van ons Universiteit moontlik gemaak het.

## Boodskap van Rektor

Sowel voor- en teenstanders van die staatkundige wêreldbeskouing waarvan „Die Matie" 'n vertolker is, sal, met die vyf-en-twintigste verjaardag van die Universiteit, „Die Matie" alle sukses moet toewens met sy kragdadige ywer vir die verwesentliking van die ideaal van studentelewe wat gekenmerk is deur toewyding aan studie en die ernstige gebruik van die geleentheid en voorreg wat die student het om hom voor te berei om sy volk en land te kan dien.

R. W. WILCOCKS.

Uit die Afrikanervolk moet Stellenbosch sy groeikrag en sy ideale put, en aan die volk weer 'n eie hoër beskawing gee en die allerbeste uitrusting vir die lewenstryd en vir 'n selfstandige, selfbewuste burgerskap in hulle eie land.

*Dr. J. F. W. Grosskopf.*

## Die Eerste M.A. van Stellenbosch

Deur die Redakteur van „Die Matie" om enkele herinneringe uit die verlede gevra, wens ek net aan te stip dat my verbintenis met die ou Gymnasium van Stellenbosch, later die Viktoria-Kollege van April 1866 dagteken en teen die einde van 1878 geëindig het toe ek die M.A.-eksamen gedoen het. Die laaste daad wat ek nog vir die ou Kollege verrig het, was met die hoeksteenlegging van die eerste Kollegegebou in 1880. Ek was die vlagdraer met die prosessie vanaf die ou skoolgebou, nou die polisiekantoor, na die nuwe Kollegeplein. Van my tydgenote op skool is daar nog maar baie min wat oorgebly het. Ek is ook nog die enigste van die eerste vyftal wat uit Stellenbosch die eerste Matriek-eksamen afgelê het. Dit was in 1874.

Ek wens die Universiteit van Stellenbosch alle seën en voorspoed toe!

*(Ds.) H. J. L. du Toit.*

Die eregraduandi van die vyftigjarige Herdenkingsfees.



Eregrade is in hulle teenwoordigheid toegeken aan (l.n.r.): Min. D. F. Malan; Sen. C. J. Langenhoven; Gen. J. C. Smuts; Dr. P. J. du Toit; Dr. H. J. v. d. Byl; Sen. F. S. Malan.

## Stellenbosch Byna van die Baan

**Oom Dolf vertel.**

Ek wonder hoeveel studente op Stellenbosch vandag weet hoe min dit geskeel het of hulle was g'n een ooit hier nie, want dit het die vyand van die Afrikaner — en hy het nog maar een vyand gehad — destyds so byna, byna geluk om Stellenbosch

Die man wat die Universiteit van Stellenbosch moontlik gemaak het.



*Mnr. J. H. Marais.*

te likwideer. Daar was in daardie dae ook al Bolsheviste.

Dit het só gekom. Dit word vertel dat Cecil Rhodes en Thomas Smart in die dae toe hulle nog in skaapsklere rondgeloop het en met Onse Jan en die Afrikaner-Bond geflikflooi en gekokketeer het, dat hulle toe 'n slag Stellenbosch besoek het om te kom kyk wat die amegtige klompie Afrikaners hier uitvoer. Dit was in die negentiger jare en daar was toe

maar omtrent 150 studente aan die Viktoria-Kollege. Maar hulle was warm kêrels, — daar was toe ook nog nie meisies op Stellenbosch nie, — miskien warmer as die meeste studente van vandag, en hulle wis wat hulle wou hê. Dit was glo in die dae van Hennie van Zyl (nou

*Vervolg op bls. 4, kol. 1.*

My ou Universiteit — my enigste kraal! Ons word oud; ons onsterflike moeder bly jonk om die jonges en die oues in een band saam te bind vir die ontsaglike groot werk in Suid-Afrika waartoe Stellenbosch by uitnemendheid geroepe is. Laat ons getrou wees aan ons gilde. *Utinam Fideles!*

*C. J. Langenhoven.*

Vanaf 5 tot 10 April
DIE NAGTEGAAL
MNR. ANDRÉ HUGENET EN GESELSKAP
J. Murray-Gedenksaal
(C.S.V.-Hoofgebou)
Bespreek dadelik by C.S.V.-BOEKHANDEL

Kamers 501-520 Vyfde Verdieping

**R. W. van Ryn**

BRILKAMER.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.

Groote Kerkgebou,

KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

**Die Plaza**

Foon 0013.

•

*Vrydag en Saterdag,*
*2 en 3 April*

*SMILIN THROUGH*

JEANETTE MACDONALD
BRIAN AHERNE

Matinee: Saterdag om 3 n.m.

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

•

**JOERNING en SEUN**

(Eiens.) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**Dames !**

Sorg dat u die eerste is om die nuwe uitstalling te sien van

**Mej. E. le Roux**

(vroeër van Tant Mita)

*MODEMAAKSTER,*

PLEINSTRAAT.

**DIE EIKE KAFEE**

(Eienaar: G. H. van Zyl)

*STUDENTE:*

Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

**SLUIT AAN BY DIE A.N.S.**

## DIE MATIE

Alle korrespondensie aan:
D. F. VAN DER MERWE,
Assist. Red., Dagbreek.

Deel III. 2 April 1943. No. 6.

## Die Universiteit van Stellenbosch staan in die teken van Landsdiens

Uit 'n volksbehoefte gebore het die Universiteit van Stellenbosch van die begin af sy kragte tot beskikking van Land en Volk gestel en het hy in die loop van die tyd op Wetenskaplik-opvoedkundige gebied in die beste en volste sin van die woord 'n groot en redeomvattende landsdiens verrig.

Hoewel daar in 1859 reeds 'n Teologiese Seminarium op Stellenbosch gestig is, sodat dit vir voornemende predikante nie meer nodig was om die moeilike en dure seereis na Nederland te doen om hulle daar vir die evangeliebediening voor te berei nie, was daar geen plek in Suid-Afrika waar die jong Afrikaner hoër onderwys kon ontvang nie behalwe in die Engelse South African College in Kaapstad. Maar juis toe die behoefte die drukste gevoel is, is dit deur 'n Hoërhand so beskik dat daar in 1858 'n man na Stellenbosch gekom het wat 'n mens die beste met 'n Nehemia van ouds kan vergelyk, nl. ds. Jan Henoch Neethling, 'n geloofsheld wat hom opgemaak het en gebou het. En hy het sy Ezras ook gehad, wat sy werk kragtig gesteun en voortgesit het, nl. proff. Hofmeyr en Murray, en na hulle proff. Marais, de Vos en Moorrees, sterk ondersteun, om maar enkeles te noem, deur wyle Japie Krige, dr. Jan Neethling, Tielman de Waal en gebrs. Jan en Christiaan Marais. Hulle uitgangspunt was die idee om vir die jeug van die land 'n inrigting vir hoër onderwys in eie kring daar te stel. In 1866 het hulle die Stellenbosch-Gymnasium gestig, waaruit in 1874 die s.g. „Arts' Department" ontstaan het, wat in 1881 'n oktrooi as die Stellenbosch-Kollege verkry het, met 5 professore en 19 studente. In 1887, met die jubileum van koningin Viktoria, is die naam verander in Viktoria-Kollege.

Getrou aan die stigtingsidee het die Universiteit van Stellenbosch sedert sy vroegste begin nog altyd in die teken van landsdiens gestaan. Die oorspronklike stigters het geen moeite ontsien om hulle duidelik gestelde doel te bereik nie, naamlik om die jeug van hulle volk te dien; en die stryde wat daar destyds gevoer is om die ontstaan van die inrigting moontlik te maak en die lange afweerstryd wat later gevoer moes word om sy voortbestaan te verseker, het krag geput uit die oortuiging dat dit 'n stryd was ten behoewe van die jeug van die land, m.a.w. dat daardeur 'n opregte landsdiens verrig is.

Naas die gewone onderrig in tale, geskiedenis en filosofie, in wis- en natuurkunde, is daar al vroeg 'n begin gemaak met die eerste proewe van landbou-onderwys in Suid-Afrika, — 'n loflike poging wat egter in die kiem gesmoor is deur 'n onsimpatieke regering wat in 1898 die afdeling landbou-onderwys na Elsenburg verplaas het, waar dit jarelank as 'n troetelkind behandel is sonder om ooit enige bewys van lewensvatbaarheid te gee.

Intussen is die fasiliteite vir hoër onderwys op Stellenbosch onder bekwame leiding steeds uitgebrei, maar altyd met die oog op die behoeftes van die tyd en na gelang van die beskikbare fondse, wat meermale deur 'n minder simpatieke regering stiefmoederlik toegeken is. Telkens weer het Stellenbosch landsdiens bewys deur leiding te gee, sodat prof. Marais met reg in 1914 kon opmerk: „In het voorbijgaan zij hier gezegd, dat op het gebied van opvoeding en onderwijs ons Kollege zeer dikwels als pionier optrad. Nieuwe gedachten gingen van ons uit, die in het begin meesal bestrede, later overgenomen en bij eventueel sukses toegejuicht werde, maar zonder Stellenbosch hierin te kennen of te erkennen."

Naas die gereelde uitbreiding van bestaande studiekursusse het Stellenbosch die jeug van die land onskatbare dienste bewys met die opleiding van onderwysers waarmee reeds in 1914 begin is en wat ná die selfstandige stigting van die Universiteit in 1918 tot die grootste fakulteit van sy soort in Suid-Afrika ontwikkel het. Trouens, ná die vrywording van 1918 neem die Universiteit van Stellenbosch sy grootste vlug en word die reeds bestaande afdelings tot selfstandige fakulteite uitgebrei, o.a. ook die van die Regte en die van Landbou met sy onderafdelinge van Bosbou en Huishoudkunde; en wat die Universiteit veral op hierdie gebied aan landsdiens bewys het, is te bekend om hier nader beskryf te word.

In 1923 volg die fakulteit van Handel wat in 'n langgevoelde behoefte op Stellenbosch voorsiening maak, en in 1936 die fakulteit van Liggaamsopvoeding, waarmee Stellenbosch vir die land weer leiding gee; en die kroon word op alles gesit deur die te lang vertraagde stigting van die fakulteit van Ingenieurswese in 1940. Telkens 'n uitbreiding en stigting in diens van Jong Suid-Afrika.

Mag die bestendige wyse waarop die Universiteit van Stellenbosch in die verlede onder voor- en teenspoed Land en Volk belangeloos gedien het, vir ons 'n waarborg wees van diens ook in die toekoms, mits hy hom by veranderende tye en toestande reg kan aanpas.

# *Die Oorlog*

## Oorlogsfronte in Europa en Afrika.

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

In Europa is dit lente. Die tyd nader dus weer dat die tempo van oorlogvoering versnel en groter beweeglikheid aan die dag gelê sal word. Dit is nou eenmaal so, ondanks alles wat die Russe gedurende die winter presteer het, dat groot veldtogte en groot veldslae in Europa nie in die winter nie maar gedurende die gematiger jaargetye plaasvind. Die onlangse Russiese Winter-offensief en suksesse kan waarskynlik grotendeels daaraan toegeskryf word dat die beste troepe van die Duitsers, volgens Britse berekening is dit 65 divisies, d.w.s. meer as een miljoen man, reeds in winterkwartiere gegaan het en dat die frontlinie gevolglik maar ietwat dun beset was.

### DIE RUSSIESE FRONT

Aan hierdie front heers daar op die oomblik betreklike stilte en rus. Aangesien die ontdooiing die bodem in modder en water omgeskep het, is grootskaalse oorlogsvoering binne die volgende paar maande nie waarskynlik nie al moet daar selfs gedurende hierdie moerassige tydperk met die element van verrassing rekening gehou word. Vandag in elk geval is die geleentheid daar om 'n blik terug te werp op die winter wat verby is.

Dit is oorgenoeg bekend, en daarvoor het Reuter goed gesorg, dat die Bolsjewistiese winteroffensief groot suksesse gehad het. Aansienlike grondgebied en strategies-belangrike stede is terugverower en aan die Spilleërs is harde houe toegedien. Waaroor Reuter egter minder openhartig is, is die feit dat die groot Russiese offensief ook 'n ander kant het. In die eerste plek is dit vandag duidelik dat die Rooi offensief nie aan die hoë verwagtings voldoen het nie. Hoe hoog hierdie verwagtings was, daarvan kan elkeen hom oortuig as hy die Reuter-berigte uit die maande Desember en Januarie wil raadpleeg of as hy die oorsese tydskrifte wat met die jongste pos hier aangekom het, wil deurblaai. Hiervolgens is die terugverowering van die Oekraine, die Krif, die Kuban-gebied en groot dele van Wit-Rusland sowel as die afsnyding en daarna die vernietiging van groot Duitse leërs in die onmiddellike vooruitsig gestel. Volgens die propaganda sou die Bolsjewistiese oorwinnings beslissend gewees het en sou die Spilmagte op die rand van 'n ineenstorting gestaan het.

Vandag weet elke denkende mens dat dergelike grootse verwagtings die gevolg van wensdrome was en nie op feite berus het nie. Die vyand is nie alleen nie gebreek nie, maar hy het selfs met 'n verrassende teenaanval belangrike stede en grondgebied terugverower. Die tyd het ook aangebreek dat 'n mens 'n hele boel vrae kan stel omtrent die winterslag wat verby is. In hoeverre het die Winterslag die Russiese en Duitse militêre mag uitgeput? Wie het die meeste reserwes vir die somerslag van hierdie jaar oorgehou? Het die Duitsers sukses gehad met hulle propaganda om die Bolsjewisme as 'n Europese, as 'n wêreldgevaar voor te stel ten einde 'n groot verenigde Europese front teen die Rooi leërs te skep? In hoeverre het nuwe gevestigde belange in die nuwe en veranderde Europa die hande van die Spilmoondhede versterk of verswak? Sal Stalin weer aandring op die stigting van 'n tweede front in Europa of sal hy met die Noord-Afrikaanse veldtog tevrede wees?

### DIE NOORD-AFRIKAANSE FRONT

Aan hierdie front is daar in die jongste tyd weer heelwat bedrywigheid. Dit is veral die Agste Britse leër wat weer op die mars is, hierdie keer by Mareth en Gabes verby in noordelike rigting na die Spil se bruggehoof rondom die sleutelstede Tunis en Bizerta. Dit is onnodig om uit te wei oor die bedrywighede van hierdie Agste Britse leër. Reuter doen dit daagliks. Daar is egter 'n paar aspekte van die Noord-Afrikaanse veldtog wat meer aandag geniet.

Dit is duidelik dat die hele Noord-Afrikaanse veldtog in November 1942 'n radikale wending geneem het toe Britse en Amerikaanse troepe in Frans-Noord-Afrika geland het. Rommel se terugtog uit Egipte na Tunisië kan alleen in die lig van hierdie veranderde posisie begryp word. Nooit het hy ernstig weerstand gebied nie. Selfs die Mareth-linie is slegs met Italiaanse soldate beman, 'n „ominous sign," volgens Britse kommentaar, dat die werklike vegtery op 'n ander plek sal plaasvind.

Die doel van die Geallieerdes is duidelik: Die Spil moet uit Afrika verdryf word en die belangrike deurvaart deur die Middellandse See moet vir die eie skeepvaart diensbaar ge-

*Vervolg op bls. 3, kol. 1.*

**Rook Springbok-Sigarette**

# O.B. Studielaers vergader op Stellenbosch

Vanaf 20 April sal die Studielaers van die O.B. op Stellenbosch vergader, onder voorsitterskap van die hoof van die laers, prof. dr. L. J. du Plessis, van Potchefstroom. 'n Groot aantal vooraanstaande manne sal dus op Stellenbosch saamgetrek wees. Van hierdie geleentheid het die Studente-Kommando's gebruik gemaak om 'n uiters belangrike vergadering te belê. Op die 20ste April sal prof. du Plessis en dr. Piet Meyer in die plaaslike stadsaal optree. Almal welkom. Hou die aand oop.

# U.S. Debatsvereniging

## Baie Aktuele Onderwerp

Môreaand, Saterdag 3 April, om 7.30 in die Huishoudkundesaal word die onderwerp: *Proporsionele Fakulteitsverteenwoordiging op die S.V.R. is wenslik,*" ingelei deur *Mnr. Tappies Möller*, ondersteun deur Mnr. A. P. Treurnicht. Hulle word teengestaan deur Mnre. *P. A. Theron* en Nic. Treurnicht.

# „Die Nagtegaal"

## André Huguenet

Weereens het Stellenbosch die voorreg om die beroemde Suid-Afrikaanse toneelgeselskap onder leiding van André Huguenet op die planke te hê met „*Die Nagtegaal.*"

Waar ookal dié stuk reeds opgevoer is, het dit groot gehore getrek, en praat almal tot lof van die opvoerings.

*Kom dan na die Andrew Murraygedenksaal (C.S.V. Hoofgebou) om 8 uur n.m. vanaf Maandag 5de tot Saterdag die 10de April en kom kyk na meesterlike toneelkuns.*

---

Mnr. Charles Hopkins, voorsitter van die S.V.R. lewer e.k. Sondagnamiddag 4.15 n.m. sy proefpreek in die Moederkerk. Almal hartlik welkom!

## DIE OORLOG.

*Vervolg van bls. 2, kol. 4.*

stel word. Dit sal vir die Geallieerdes die besparing van miljoene kosbare tonne skeepsruimte beteken as hulle die Middellandse see i.p.v. die „Kaapse draai" hoef te gebruik. As die Spil nou eenmaal uit Afrika verwyder is, dan sal die geleentheid daar wees om die vyand op sy kwesbaarste plek, nl. Italië te slaan en groter offensiewe bedrywigheid aan die Suidkus van die Spil-beheerde Europa aan die dag te lê.

Aan die ander kant lê dit voor die hand dat die Spil sy uiterste sal doen om hierdie planne te verydel. Dit kan aangeneem word dat die Spil hom gedurende die afgelope vier maande diep ingegraaf het in die strategies uiters belangrike bruggehoof om Bizerta. Die vyand het baie voordele soos korter verbindingslinies, sterk eiland-posisies in Sisilië en Sardinië en veral die sterk posisie van Bizerta self. Teen hierdie voordele het die Geallieerdes slegs een wat daarteen kan opweeg nl. dat hulle geen Russiese front het nie. Dit is seker dat in Tunisië nog strome van bloed sal vloei. Niemand minder as Churchill het in hierdie rigting gewaarsku. As die Spil uit Noord-Afrika verdryf word dan sal dit hoofsaaklik aan één oorsaak toegeskryf kan word, en dit is dat hy nie oor genoeg reserwes beskik nie omdat hy in Rusland te veel gebloei het. In Afrika egter kan g'n allesbeslissende slag gelewer word nie.

# † Johannes v. d. Walt

As 'n groot skok het die tyding van die afsterwe van Johannes van der Walt, ons volkskampioen, gekom op Donderdagaand, 25 l.l. Alhoewel hy tragies moes ly vanaf 23 Februarie 1942, het ons tog nog altyd die hoop gekoester dat hy sou herstel.

Oor sy stoeiloopbaan hoef ons nie uit te wei nie — dit spreek vir homself. Maar nie alleen was Johannes 'n kampioenstoeier in die kryt nie. Hy was 'n kampioenstoeier in elke opsig. Hy kon sy man staan wanneer dit op die meting van liggaamskragte en die kunsgrepe van 'n stoeiwedstryd aankom; maar bowenal het hy Johannes v. d. Walt, die méns, gebly, en hier meer nog as in sy prestasies in die stoeikryt, was hy 'n kampioen. Toe hy op 23 Febr. 1942 met die Dood in die stoeikryt getree het, was dit die mens Johannes, leunende op die sterk Arm van sy Almagtige, wat die wedstryd aanvaar het — moedig en blymoedig.

En toe hy die groot stryd volstry het, was dit seker met kalme berusting dat hy die hande gevou het en gesê het: „U wil geskied." Trouens dit was kenmerkend van al sy handelswyse dat hy in alles as Calvinis die werking van Gods Hand gesien het.

Hoe beminlik Johannes in die omgang was, getuig die besoek wat hy 'n paar jaar gelede aan Matieland gebring het. Orals het groepies studente om hom saamgedrom, waar hy ookal beweeg het. En hoe lekker kon hy nie lag oor al die studente-skerts en grappies nie!

Hiermee wil „die Matie" dan ook sy innige meegevoel aan sy agterblywende eggenote en huisgesin betoon.

Ons eer hom — nie net omdat hy 'n kampioenstoeier was nie — maar hy was in die eerste plek 'n Boer — 'n kampioen-Boer, 'n Boer in merg en been, wat in staat was om die Boeretradisie tot ver oor die see, tot in Europa, te handhaaf en verder uit te bou.

Nie alleen Stellenbosch, maar die hele Boerevolk treur oor die heengaan van sy groot seun, maar is tegelyk trots op sy prestasies, op sy beginselvastheid en op sy idealisme. Vir Jong Suid-Afrika sal Johannes van der Walt 'n voorbeeld en besieling bly tot in die verre toekoms.

# A.K.V. onder Beskerming van U.S. Debatsvereniging

Weens die moelike bestaan van die A.K.V. op Stellenbosch is besluit om dit onder beskerming van die U.S. **Debatsvereniging** te bring, en daardeur die belange van albei verenigings beter te behartig. Môreaand sal dit voor die vergadering gelê word om dit te bekragtig om 7.30 in die Huishoudkundesaal. Alle A.K.V.- sowel as Debatslede word verwag om teenwoordig te wees.


*Vir die maak van u volgende*

**Paar Sandale**
**Stewels**
**Skoene**

*besoek*

**LUBBE**

*die deskundige skoenmaker en repareerder*


# Onder Onsies

Verlede Dinsdagaand was die teekamer van Harmonie die toneel van groot jolyt toe mej. Sophie Louw haar mondigwording op gesellige wyse gevier het. Onder die gaste is opgemerk mejj. Dinx Roos, Elsa Norval, J. de Jager en E. Schoonees.

* * *

'n Hele aantal oud-Harmoniete het die afgelope naweek besoek aan Harmonie gebring o.a. mej. Grace Swart wat Saterdag in die huwelik tree met mnr. van der Merwe, oud-Matie, tans van Robertson, mej. Pulcher Smit wat 'n aanstelling in Malmesbury aanvaar het en mej. Elsabé de Kock, ook van Malmesbury.

* * *

Mej. I. de Wet, 'n oud-Primaria van Sonop, kuier by haar suster in Sonop.

* * *

Mej. Hildegard Mereis van Huis-de-Villiers het Maandag, die 29e Maart haar mondigwording gevier.

* * *

Baie oud-Maties is met die skoolvakansie terug op Stellenbosch, o.a.: mejj. Elsabé de Kock, Regina Smit, Ella Vorster en Jeanette Lochner.

* * *

Elsa Eksteen kuier vir die skoolvakansie by prof. Stegmann.

* * *

Mej. Ria van Tonder, 'n oud-Matie het 'n pos in Rondebosch aanvaar.

* * *

Mej. Truida le Roux, primaria van Huis-ten-Bosch is in Paarl weens haar moeder se siekte en kan nie terugkeer voor na die Junievakansie nie.

---

Geland uit kille Noorde,
het Vader Van der Stel
aan Eerst'rivier se boorde,
verrukt, 'n stad bestel.
Waar frisse waterstrome
uit bloue berge wel,
prys sondeurlagte bome
die naam van Van der Stel.

*Jan Cilliers.*


**Alfred Blommaert,**

(Foon 48 en 176)

Kerkstraat,

STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

**HALDENWANG**

HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER

Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Botterbroodjies en alles wat lekker is.

(Foon 135)

**HOOFKWARTIER VAN GESONDHEID**

Soos na ouder gewoonte....
ontmoet julle vriende by

**SUIKERBOSSIE MELKSALON**

vir 'n lekker melkdrankie, koffie, ens.

*Onder persoonlike toesig van OOM HUGO.*

*Maak Kennis met die*

**Nuwe Volkspele**

**Opgestel deur Hester Morrison**
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies
(grondgedigte) deur

**M. L. de Villiers**

Komponis van
„Die Stem van Suid-Afrika."

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

**Prys 4/3 posvry**

**Bestel by die uitgewers,**
**PRO ECCLESIA-DRUKKERY**
**Posbus 28, Stellenbosch**
**of by u Boekhandelaar.**

Vir **BLAKENDE GESONDHEID** drink **HEERLIKE**

**KWV**

**DRUIWESAP**



*Onthou! K.W.V.- Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

**AVBOB**

116 Takke — 44,000 Lede
Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65
BLOEMFONTEIN

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

# Rook Springbok-Sigarette

## Regter C. L. Botha,

### oud-regter-president van die Vrystaat, vertel:

Ek was op die Viktoria-Kollege van Aug. 1887 tot Junie 1889. Toe ek Stellenbosch vir die eerste keer sien het die natuurskoon my so getref, dat ek besluit het om eendag hier te kom woon, en na 52 jaar het dit my geluk! Maar hoe anders is alles nou hier van wat dit in daardie dae was.

Ek het geloseer by mev. Gordon, saam met generaal Hertzog en prof. van der Riet, en as ek reg onthou was ons nie 100 studente nie. Alle koshuise was privaat; ons was twee of drie in een kamer; die lewe was baie eenvoudig en die ete ook; ons was baie beskeie in ons behoeftes. Ek wonder dikwels as ek die teenswoordige student sien, wat hy sou sê as hy met eens in so'n lewe sou verplaas word, sonder kafees of bioskope, ja selfs sonder dame-kollegas!

Die eerste seisoen het ek vir die tweede rugbyspan senter gespeel, die volgende vir die eerste saam met Nico Theunissen, Klopper e.a. Die voetbalveld het bestaan uit 'n stuk van die harde vlakte daarbuite, wat maar swak versag was en waarvan die buitelyne en die doelpale die veld aangedui het. Toeskouers moes maar om die veld staan, maar ook in daardie dae was daar groot entoesiasme, veral onder die slamaaiers.

Ek is bly om weer hier te wees en om die 25e verjaardag van die Universiteit te beleef.

Ek wens die alma mater alle heil!

## Stellenbosch byna van die baan

*Vervolg van bls. 1, kol. 4.*

regter) en Gawie Cillié (nou professor) en Corneels Langenhoven (nou oorlede).

By sy terugkeer in Kaapstad sou Cecil Rhodes opgemerk het dat sy besoek aan Stellenbosch hom geweldig („furiously") laat dink het; en hy was 'n ou kop; hy het verder as sy neus en verder as die meeste mense gedink en gesien. En wat het hy gedink? **Stellenbosch moet van die gras!** Waarom? omdat hy gesien het dat Stellenbosch, hoewel toe nog klein en onaansienlik, moontlik eendag die kampvegter vir die Afrikaner se taal en kultuur sou kon word. En hy het raakgesien, nie waar nie?

En toe kom hy met 'n oulike plan voor die dag, hy wat beweer het dat elke man 'n prys het. Hy sou somaar baie geld gee om op Groote Schuur 'n „teaching university" op te rig, waarin die Viktoria-Kollege van Stellenbosch saam met die South African College van Kaapstad sou opgaan, met 'n reeks „hostels," alles na die model van sy alma mater Oxford. Dit was in 1896. Maar hy het buite die waard gereken en die waard was die Afrikaanse volk self, gelei deur Onse Jan (Hofmeyr) en ds. Jan Neethling; en die plan het misluk sodat 'n verengelste Afrikaner genaamd sir Henry de Villiers in nydigheid moes uitroep, „Stellenbosch blocks the way."

Intussen is Cecil Rhodes dood maar nie sy plan nie en in 1908 bied twee uitlanders, Wernher en Beit, onsaliger nagedagtenis, £500,000 aan om Rhodes se idee uit te voer; en daardie groot som geld trek in die volgende jare selfs vooraanstaande Afrikaners, predikante, ou Stellenboschers, o.a. Frans Malan, minister van Onderwys in die regering, Botha, Smuts.

Ek verseker julle, toe het Stellenbosch se bestaan aan 'n draadjie gehang, want die wetsontwerp wat Stellenbosch se dood moes aankondig, was al in die Volksraad ingedien. Maar intussen het Afrikaners wat nie in terme van geld en grootheid nie maar van nasionaalbewussyn gedink het, hulle wakker geweer en op voorstel van adv. H. S. van Zyl (tans regter-president en vise-kanselier van Stellenbosch) in 1911 'n Universiteits-waaksaamheidskommissie gestig met ongeveer 40 lede uit alle dele van S.-Afrika, o.a. proff. Marais en Moorrees, sen. Bührmann ,dr. D. F. Malan, dr. J. G. van der Horst, ds. Paul Nel en ds. A. J. Louw. As gevolg van hulle verset moes min. Frans Malan en sy bondgenote swig en die wetsontwerp terugtrek en Stellenbosch was weer gered. Maar die „Cape Times" was daardeur nie gestig nie en het in magtelose nydigheid weer die pappegaaigeskree van sir Henry herhaal in 'n hoofartikel onder die opskrif, „Stellenbosch blocks the way."

Intussen was daar van die kant van Stellenbosch ook aangedring op 'n oktrooi waardeur die Viktoria-Kollege 'n selfstandige universiteit sou word, en hier het Frans Malan weer gedink dat hy Stellenbosch sou troef deur as voorwaarde vir 'n oktrooi te stel dat daar 'n aanvangskapitaal van minstens £100,000 beskikbaar moes wees. Van waar tog sou die arme Stellenbosch so'n groot som geld kon kry? Maar wat hy as 'n onoorkomelike versperring gestel het, het tot voordeel van Stellenbosch uitgeval, want toe die nood op sy hoogste was, was die uitkoms ook daar, want toe kom oom Jannie Marais van Coetzenburg na vore met die aanbod van £100,000.

So is die Viktoria-Kollege gered en het die Universiteit van Stellenbosch op 2 April 1918 tot stand gekom.

O Eikestad, Athene
vir gees- en liggaamsbou.
*Jan Celliers.*

## U.K. Swemgala

Talle geesdriftiges het Saterdag die Swemgala wat in die Groote Schuur swembad plaasgevind het bygewoon.

U.S. het nie goed presteer nie alhoewel R. de Villiers die tweede plek in die duikkampioenskap verower het. Mej. Riette Hallnaak (Union) het met besondere aanskoulikheid in 3 min. 22 sek. die W.P. kampioenskap vir die 200 tree damesborsslag vorower deur Mej. J. Duncan Taylor met 4.2 sek. te klop. Ook Lawrence Golding (Union) het uitgemunt in die 500 tree onder 18 oorlogkompetisie.

## Demonstrasie van Blomrangskikking

„Die kultuur van die Stellenbosch studente moet alle gebiede dek — ook wat betref die fynere kunste moet hul in staat wees om waar hulle gaan die leiding te kan gee." Met hierdie woorde het Dr. W. Kempen Dinsdagaand die blomrangskikkingdemonstrasie wat onder beskerming van die Skakelkomitee in die Annexe gehou is, geopen.

Voor 'n groot gehoor het Mev. Jozua Marais van die Paarl, 'n uiters interessante lesing gehou oor die rangskikking van die herfsblomme wat ons nou orals om ons sien. Verskillende soorte rangskikkings soos die van 'n vaas, 'n mandjie, 'n plat bak, asook saalrangskikkings, is kunstig demonstreer; en praktiese wenke oor blomversorging is aan die hand gegee.

## PLATE-PROGRAM

### Sondagaand, 4 April. 8.30

Op Sondag, 27 Maart is Serge Rachmaninoff oorlede te Beverley Hills, Kalifornië. Dit is dus paslik om 'n aand van Russiese musiek te hê, waarin van sy werke gespeel word.

Rachmaninoff is gebore in 1873 en het op negejarige ouderdom begin studeer aan die St. Peterburgse Konservatorium, en later in die Moskouse Konservatorium, onder beroemde leermeesters soos Siloti (klavier) en Taneiev en Arensky (komposisie). -In 1892 ontvang hy 'n goue medalje vir komposisie, en aanvaar daarna 'n konsertreis deur die hele Rusland. Sedertdien het hy die drieledige rol van pianis, komponis en dirigent gespeel, en aldrie rolle verbasend goed behartig. Vanaf 1918 het hy hom in Amerika gevestig en opgetree totdat siekte en dood hom oorval het. In hom verloor die wêreld sy grootste pianis van die ouer geslag, en een van die vooraanstaande komponiste van die ouer skool.

1. *Der Toteninsel* is 'n baie geskikte keuse ter herdenking van Rachmaninoff, aangesien dit 'n toongedig vir orkes is wat in roukleure geskryf is. Die werk is geïnspireer deur die beroemde skildery van Böchlin, 'n afdruk waarvan in die biblioteek te sien is.

2. *Vocalise—Rachmaninoff.* Hierdie kort orkeswerkie is geskryf in 'n pragtige melodieuse lyn, verryk met kleurvolle harmonieë.

3. (a) *Koor van die Jong Meisies.* (b) *Vaarwel van Boris.* (e) *Dood van Boris.* — Moussorgsky. Hierdie drie nommers is geneem uit die groot opera „Boris Godunov" van die musikale reus van Rusland, Moussorgsky (1835 — 1881).

4. *Klassieke Simfonie: Prokofieff* (geb. 1891). Wat lengte betref is dit die kortste onder Simfonieë. Prokofieff gaan terug na die styl van Haydn, en skep 'n werkie net so fyn en eksuberant soos die simfonieë van die ouer komponis. Dit is ietwat skertsent en satiries, maar hierdie eienskappe dra slegs by tot die genot van die luisteraar.

*Hubert du Plessis.*


Kom kyk na ons Nuwe Uitstalling van Mans „Rex Donical" Sportspakke. Dis net die ideale pak vir Naweekdrag of Klasloop.

Ons nuwe besending Jaste is nou in voorraad, pryse vanaf 82/4, 105/-, 124/-, tot 178/-.

Warm Wolserpe 2/11, 3/3, 4/6, 5/6, 7/6. Warm Slaappakke in die nuutste kleure 13/6, 14/4, 16/6. Warm Oortrekjersies met Hoë Kraag 12/11, met Ritssluiter 15/11, met Rolkraag 23/-.

Sambrele 5/3, 8/6, 10/6, 11/6 tot 15/6.

Vergelyk eers ons pryse voor u koop.

**GEBROEDERS DE WET (EIENS.) PBK.**

Foon 20. Birdstraat, Bus 21.

STELLENBOSCH.



**HENDRIKZ**

vir

★ Elektriese Benodighede

★ Radio Reparasies

Langs

**Voortrekker Apteek**



*Ondersteun die Alombekende Suid-Afrikaanse MUSIEK-FIRMA.*

Beroemd vir Diens en Kwaliteit van Benodighede.

**R. MÜLLER**

**(Eiens.) Bpk.**

**h/v Kasteel en Burgstrate, KAAPSTAD**

**en**

**Pleinstraat, STELLENBOSCH.**



**The Stellenbosch Stationery Store**

vir

BEKOORLIKE GESKENKE

Nuwighede van alle soorte,

Deftige Skryfbehoeftes

en

MODEBOEKE.

**A. DOWSON,**

Andringastraat, Stellenbosch.



**DIE UITSPAN**

se *ROOMYS*

is beroemd,

die *KOELDRANKE*

is meestal suiwer vrugtesap.

Sulke *ETES* kry 'n mens maar net in

**DIE UITSPAN**



*Die Volgende Voorgeskrewe Boeke*

*het so pas aangekom!*

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Austen: Sense & Sensibility .. .. .. .. .. .. | 3/6 |
| 2. | Hampden: Nine Modern Plays .. .. .. .. .. | 2/3 |
| 3. | Brierly: Law of Nations .. .. .. .. .. .. .. | 8/- |
| 4. | Cohen: Theoretical Organic Chemistry .. .. | 12/6 |
| 5. | Loney: Plane Trigonometry .. .. .. .. .. .. | 13/6 |
| 6. | Mitchell: Building Construction .. .. .. .. | 10/- |
| 7. | Wilson: Vaulting & Agility .. .. .. .. .. .. | 6/3 |
| 8. | Cambridge Greek Test. St. Luke .. .. .. .. | 9/6 |

**C.S.V.-BOEKHANDEL**

**STELLENBOSCH**